



**Mama Jack**  
Leon Schuster se jongste flielik, Mama Jack, is deur sommige flielik-fundi's in Amerika as selfs beter as Mrs Doubtfire en Big Momma's House bestempel.

# Rapport

**Duurste huis in SA**  
Die duurste huis in Suid-Afrika. Só staan Goede Hoop, tot onlangs die eiendom van die Britse Aspinells, nou bekend nadat hulle dit pas vir sowat R150 miljoen verkoop het.



## Rapport

- Voorblad
- Nuus
- Sport
- Sake
- Perspektief
- Hoofartikels
- Standpunte
- Rubrieke
- Tydskrif
- Briewe
- Gauteng-Rapport
- Kaap-Rapport
- Geld Tydskrif
- Motors
- Inrat
- Loopbane24
- Kompetisies

## Sudoku

4		9	6		
	2		4		1
3					

Elke dag 'n nuwe kopkrapper

## RCP-stalmaat

City Press

## News24.com

## Weer

	min	maks
Bfn	10°C	27°C
Kpstd	12°C	24°C
Dbn	20°C	26°C
Jhb	12°C	22°C

## Lotto-uitslae

Lotto:  
6 14 23 34 35 37 **48**

Lotto Plus:  
12 19 33 40 41 46 **26**

Britse Lotery:  
12 13 25 30 45 47 **42**

## Media24

## Engels

News24

Health24

Fin24

Food24

Property24

Wheels24

Women24

Moneymax

Finance Week

Natal Witness

Afrikaans

## ONS PRAAT JOU TAAL

05/11/2005 13:33 - (SA)

### Ingevoerde motors neem SA oor

DAVID VAN ROOYEN

Ingevoerde motors oorstroom tans die Suid-Afrikaanse mark vir passasiers heeltemal en sommige rolspelers is al so bekommerd daarvoor dat hulle wil hê die regering moet maatreëls instel wat 'n demper op invoer sal plaas.

Volgens die jongste kwartaallikse oorsig wat die Nasionale Vereniging van Motorvervaardigers van Suid-Afrika (NAAMSA) vir die departement van handel en nywerheid opstel, word geraam dat 197 000 ingevoerde motors vanjaar van die hand gesit sal word.

Dit beteken dat 48% van alle nuwe motors ingevoer is, vergeleke met 38% 'n jaar gelede en 'n skrale 28% in 2003.

Die verwagting is dat die aantal ingevoerde voertuie oor die volgende twee jaar op die huidige vlak sal stabiliseer, hoewel die getal ingevoerde voertuie na verwagting teen 2007 tot 225 000 eenhede sal toeneem.

Die motorbedryf gaan dus weer vanjaar 'n groot netto uitvoerder van buitelandse valuta wees, ondanks grootskeepse uitvoer van motors en motoronderdele. Verlede jaar, toe bykans 70 000 minder motors ingevoer is as vanjaar, was die tekort op die motorbedryf se buitelandse handelsrekening reeds sowat R10 miljard.

Die skerp toename in ingevoerde voertuie is die gevolg van die regering se aansporingsprogram vir die motorbedryf, waarvolgens die bedryf krediete met sy uitvoer kan verdien om onderdele en motors sonder invoerbelasting in te voer.

Namate die uitvoer van motors, en veral onderdele toeneem, het die krediete vir belastingverligting skerp toegeneem.

'n Peiling wat prof. Frank Flatters van die Queens-universiteit gedoen het, dui daarop dat die regering reeds R55 miljard se invoerkrediete aan die motorbedryf teruggegee het.

Mnr. Nico Vermeulen, uitvoerende direkteur van NAAMSA, sê die verhoogde invoer is 'n natuurlike uitvloeisel van die aansporingsprogram en nie rede tot kommer nie.

Mnr. Roger Pitout, direkteur van die Nasionale Vereniging van Onderdeelvervaardigers, dink anders. "Ons is diep bekommerd en het reeds sekere voorstelle gedoen aan die konsultante wat die aansporingsprogram hersien."

Hy is bekommerd omdat die plaaslike bedryf vanjaar net 32 000 meer passasiersmotors as verlede jaar gaan vervaardig, ondanks die ramings dat verkope met sowat 83 000 gaan toeneem.

"Die vervaardigers maak te swaar op uitvoer staat en as iets met 'n groot uitvoerprogram verkeerd loop, kan die plaaslike vervaardigers en onderdeelverskaffers swaar kry."

Mnr. Brand Pretorius, uitvoerende hoof van die McCarthy-groep, sê egter verbruikers word bevoordeel deur die verhoogde invoer, want hulle kan tans tussen bykans 1 000 modelle van 47 vervaardigers kies.

Die strawwe mededinging van die ingevoerde fabrikate help ook om die pryse van plaaslike vervaardigers onder beheer te hou, ondanks stygende kostedruk.



Druk artikel



E-pos storie aan 'n vriend



## Meer oor Rapport

- Wie is ons Adverteer
- Registrasie
- Kontak ons
- Klagtes oor diens
- Teken in
- Argiewe
- Bestel foto's

## Aanlyn-argiewe

 


## Stem

In 'n navorsingsprojek oor Suid-Afrikaners se seksuele gedrag het M-Net se *Carte Blanche* bevind dat 40% van getroude mans al intiem met 'n vreemdeling verkeer het, terwyl 18% al 'n *threesome* gehad het. In watter kategorie val jy? **En as jy 'n vrou is, wat dink jy vang jou man aan!**

- Ek/my man is getrou
- Ek/my man loop rond
- Ek/my man was al in 'n menage a trois

Resultate  
Vorige Resultate

## Vind ou vriende



**Kies jou skool se provinsie**

## en klik op die eerste letter van jou skool

A B C D E F G H I J K L  
M N O P Q R S T U V W  
X Y Z

-- Top stories in hierdie kategorie --

# Rapport

### Mercedes-Benz Pre-Owned

Search our South African database for quality Pre-Owned vehicles

### Live in South Africa?

We'll Pay You \$75 Right Now To Complete A Simple Survey!

Ads door Goooooogle